Dozi kry nut vir leë stalle

Nov 13 2008 - BEELD - (SA)

Daleen van Manen

Hartbeespoort. – Dozi is dalk groot, maar in die bonkige lyf skuil ’n klein hartjie. Dié sanger het pas ’n perdeterapie-ryskool vir gestremde kinders op sy plaas geopen.

Die Maestro-ryskool bied reeds gratis terapeutiese rylesse aan sowat 20 liggaamlik gestremde leerlinge van die Meerhofskool in Hartbeespoort. Veral kinders met spina bifida, serebraal gestremdes en hemipleë vind baat by dié terapie.

“Ek is mal oor perde en het ’n sagte plekkie vir gestremde kinders, en veral dié met Down-sindroom. Toe ek hoor hoe suksesvol perdeterapie met dié kinders gebruik word, het ek skielik weer nut vir my leë stalle gesien,” vertel Dozi terwyl Frans Jooste, ’n sesjarige wat aan Down-sindroom ly, liefdevol vanaf ’n perd se rug oor Dozi se hare streel.

Die idee vir die skool het eintlik ’n hartseer-ontstaan. Dozi, wat ’n aantal jare gelede met Percheron-perde begin teel het, se geliefde hings is onlangs dood, waarna hy belangstelling verloor en die res van sy perde verkoop het.

“Ek is taamlik betrokke by geldinsameling vir Meerhofskool en het Hermien Jooste, wat perdeterapie vir die leerlinge aanbied, ontmoet. My stalle het leeg gestaan en dit was die voor-die-hand-liggende ding om te doen.”

Die ryskool is ook een van die enigstes in die land wat perde-ondersteunende psigoterapie (equine assisted psychotherapy) aanbied. Benewens perdeterapie bied die ryskool ook gewone perdry-, dressage-, skouspring- en algemene rykunsklasse aan.

Soos Winston Churchill gesê het: “There is something about the outside of a horse that is good for the inside of a man.”

Vir meer inligting oor perdeterapie by dié ryskool, bel Hermien by 082 898 3873.